Mnr die Speaker, in die staande komitee is ooreengekom dat sport as 'n komponent van die departement op ons werksprogram geprioritiseer gaan word. Daar is baie gryns areas en te veel kere moet ons aanhoor en luister hoe die betrokkenes mekaar beskuldig van allerlei optredes, kommunikasiegapings vind plaas en uitsluitings van befondsing vind plaas. Ek sê nie dit is die waarheid nie, maar ek wil vandag sê dat dit kan nie so aangaan nie. Iewers sal ons 'n stop daaraan moet sit en iewers sal iets gedoen moet word in die staande komitee – en ek sal my rol in daardie staande komitee speel – sodat ons agter die kap van die byl kan kom.

Die LUR moet sy rol ook hierin speel. Ek wil my vandag verstout om te sê dat LUR Meyer die politieke wil aan die dag moet lê om sport gesond te kry in die provinsie; dit is nie gesond nie.

Die MOD-sentrums wat deur die departement ondersteun word, was in die 2009-10-boekjaar 247; in die 2011-12-boekjaar het dit 106 geword; en vandag is dit 99. Ek het nie die kennis en die pag en al daardie goed oor waarom en hoekom nie, maar as ons dit as 'n prioriteit stel en hierdie program die vlagskip-program in die provinsie wil maak, kan die getal nie krimp nie; dit moet liewer vermeerder. Dit is wat my kop vir my sê.

Mnr die Speaker, LUR Meyer moet hom vandag in die Huis weer eens tot die program verbind – hy het dit gedoen, maar hy sal dit moet doen op 'n manier dat ek hom ook glo. Dit

is die enigste program wat die vermoë het om ons jongmense op 'n wyse in te bind dat hulle ontwikkel tot verantwoordelike jongmense.

Die Premier spog met hoeveel hulle vir jongmense in die provinsie doen. Ek wil vir haar en LUR Meyer vandag vra om minder oëverblindery te doen. LUR Meyer moet asseblief besef dat hy, en hy alleen, die politieke hoof van dié departement is. Hy moenie toelaat dat sy mede-kollegas hom so ondermyn dat die jongmense daaronder ly nie. Daarom praat ek van hierdie kospakkies wat gestop is, en sommige kere is dit die onderwysers daar by die skole wat nie hul rol speel nie. Die busse ry as die kinders wil agterbly om die MOD-program, wat 'n gesonde program is, by te woon. Die busse wag nie vir die kinders nie; dit is waarvan ek praat.

Die LUR moet met sy kollegas in Onderwys, Maatskaplike Ontwikkeling en die gemeenskap sit en die vraag beantwoord. Waarom is dit dat minder as 'n derde van leerders by 'n skool aan die MOD-program deelneem? Ons kan nie in die Huis sê die program is skitterend nie. Ons moet vra waar is die ander tweederdes van die kinders. Ons moet hulle ingebind kry.

Mnr die Speaker, hierdie departement moet gemeenskapsbetrokkenheid as 'n voorvereiste tot die suksesvolle implementering van enige program daarstel. Biblioteekdienste, die ander groot begunstigde in hierdie begroting naas die MOD-program, is 'n aspek wat groot aandag benodig. Ons neem kennis van die feit dat die LUR noem dat hy persoonlik sal sorg dat die biblioteke oop sal wees en personeel beskikbaar sal wees wanneer lede van die gemeenskap die fasiliteite wil gebruik. Dit is veral die geletterdheidsprogramme wat gemonitor moet word. Kennis is mag, en om die vermoë te hê om te kan kommunikeer, maak wêreld oop.

Ons almal in hierdie Huis weet dit. Dis die manier hoe ons almal gekom het tot waar ons vandag is.

Dit bring my by veeltaligheid, 'n aspek waar die departement ook 'n groot rol het om te speel. Daar is geen fout te vind met die pogings wat aangewend word om inheemse tale te bevorder nie. Trouens, ek is vandag spyt dat my ouma, ouma Anna, aan my pa se kant ons nie meer van die verstaan van 'n taal gelaat het nie, want as kinders het dit vreemd op ons ore geval. Ons kon nie altyd verstaan wat ouma sê nie, en vandag is ek spyt dat ek nie beter na ouma geluister het en haar ingevra het nie. Ek was een van die nuuskierige kleindogters – ons was so 'n paar. Ons het almal êrens gekom. Ek moes haar gevra het wat sy met sekere woorde bedoel het. Ek kan nie die woorde onthou nie. Die taal het egter, saam met ouma en baie ander, 'n stille dood gesterf.

Ek het vroeër hier gesit gedurende die toespraak van my kollega die agb Magaxa hier langs my. Hy of iemand anders het opgestaan en gesê dat die Premier dit en dat gesê het, maar ek was onmagtig want ek kon nie die taal verstaan nie. Ek het gehoor wat die Minister gesê het. Ek dink ons moet erns daarvan maak om mekaar te verstaan. Ons moet mekaar verstaan en ons moet die tale verstaan. Hierdie departement moet na vore tree wat dit betref. Dis die toekoms. Minister, ons kan nie daarvan wegkom nie – dis die toekoms. As jy drie tale magtig is, sal jy in die toekoms werk kry in plaas van die een wat homself skaars in een taal kan uitdruk. Dis die storie hier. Ek wil nie hê die Premier moet altyd die enigste persoon wees wat die tale hier rondgooi deur so en so te sê nie, want ons glo haar in elk geval nie. [Gelag.]

Mnr die Speaker, die ANC wag die rondreisende uitstalling, die sogenaamde “travelling exhibition” – ek het dit nou ‘n Afrikaanse naam gegee – kinderlik af. Weet u hoe wag jy iets kinderlik af? Jy is opgewonde; jy kan nie wag dat dit plaasvind nie. Weet u wat die departement moet doen en wat die LUR moet toesien? Dit is dat publieke deelname aan dié program na behore toegepas word. Ek is kinderlik opgewonde, omdat dié uitstalling twee baie belangrike aspekte bevat – die Grond Wet en die slawegeskiedenis.

Ouma is dood en my pa is dood. Ek het vir my ma gevra wie, hoe en wat? Sy sal ons nog inlig oor die bietjie wat sy weet, maar ek weet iewers, ver in die verlede, lê daar ook ‘n geskiedenis van die slawe. Almal ken die storie van Ebenhaezer. Ons ly vandag nog daaronder.

Mnr die Speaker, as die LUR net sal luister. Ek wil hom vra om nie nou oral oor rond te hardloop nie; hy moet aandag gee aan dié uitstallings want dit sal aan hom ‘n geleentheid gee om ‘n helingsproses in hierdie provinsie aan die gang te sit wat ons almal nodig het. Ons ly nog altyd.

Vroeër in die debat oor behuising het agb Geyer gesê dat hy die afgelope dae net moes sit en luister na die ANC se beskuldigings – en ek het gewag dat oom Bokkie moes sê die treurmares – oor wat in die verlede verkeerd geloop het. Mnr die Speaker, ek wil vir agb Geyer deur u vra – voor hy weer sê ek moet deur die Stoel praat – of hy werlik vir een oomblik dink dat die dinge wat in die verlede aan mense gedoen is, sommer net so onder die mat ingevee kan word. Jy het programme nodig, en een van die programme is juis hierdie een waarvan ek vir agb Meyer pleit hy die gemeenskap moet deelmaak.

Mnr die Speaker, kuns- en kultuurorganisasies in die Wes-Kaap wat van befondsing afhanklik af is, neem jaarliks toe. Dit is teleurstellend om te sien dat die getal georganiseerde projekte wat ten doel het om kuns en kultuur te bevorder, afgeneem het. In die staande komitee het ons die vraag gevra: wat word van die kuns- en kultuurorganisasies wat by die departement aansoek doen en nie suksesvol is nie? Ons weet dat daar ander befonders daar buite is, maar hierdie departement praat van armoedeverligting, so ek reken ons moet 'n program daarstel om hulle een of ander tyd ook te kan help. Dalk is daar onder diegene wat weggewys word iemand wat 'n plan het om sy/haar eie ekonomiese bemagtiging te bevorder.

Spesiale aandag kan gegee word aan verdienstelike gevalle. Ek luister soms na *Radio sonder grense*. Vrydae is daar 'n program wat ek poog om nooit te mis nie. Dis die program van Antoinette Pienaar van iewers. Sy het 'n oom Johannes. [Tussenwerpsels.] Ja, daar rond. Jy kon hoor dat Antoinette iewers moes gehoor het van die goed waaroor sy gepraat het. Oom Johannes het haar geleer. Sy het dit erken. Kom ek sê vir Minister Ivan Meyer vandag dat daar baie oom Johannese daar buite iewers rond is.

Mnr die Speaker, die LUR sê vandag dat elkeen van ons het 'n rol om te speel om dié wa vorentoe te trek. Ek stem saam, maar ek wil hom vandag maan, soos daar soveel mense in die provinsie is, is daar soveel vlakke van begaafdheid. Een mens kan 'n storie skryf; 'n ander kan dit vertel op die manier wat vir hom of haar die beste is. Sommige kan die mooiste akkoorde uit 'n musiekinstrument optower; ander kan net met hul voete en hul lywe meemaak daaraan op die musiek wat gespeel word. Ander mense is die helde op die rugby-, sokker- en

krieketvelde; ander sit net daar Saterdag na Saterdag om hulle te ondersteun. Elkeen het 'n rol om te speel.

Minister, ek kan nie verstaan as u praat van die “real heroes” nie. Almal is helde in die spel van kultuursake en sport. Laat elkeen soos 'n held voel! Ek gaan my deel doen maar, Minister, ek gaan vir jou reguit sê as ek nie met jou saamstem nie, en ek gaan jou tot orde roep. [Tyd verstreke.]

Mnu M NCEDANA: Somlomo, enyanisweni eli sebe, lisebe okanye eli qumrhu, liqumrhu elibaluleke kakhulu apha kulo rhulumente ngoba lijongene nenkcubeko yethu nenkolo yethu nembali yethu. Into ebaluleke kakhulu ke yeyokuba kule nkcubeko yethu nenkolo yethu ziintoni na ezenziwa leli sebe ukuqinisekisa ukuba ziyaphumelela. Ndingatsho ndithi ukuza kuthi ga ngoku noko ndingangqina ukuba noko umsebenzi owenziwayo ubonakala ngongathi ungasisa phambili neli qumrhu, hleze kuthi kanti intloko yalo le iphetheyo iNtloko yeSebe yenza umsebenzi omhle kakhulu okanye nguwe ke Mphathiswa usebenzisana nayo kakuhle.

Into nje encinci endinomdla wokuba ndiyibhalise ezingqondweni icace yeyokuba kulo mbandela udibene neenkcubeko zabantu kufuneka ziphakanyiswe zonke ngokulinganayo. Kukhona ukucinezelwa kwenkcubeko nenkolo yakwantu. Ngolu hlobo le ntokuba ungaza nangoku apha endlwini Somlomo, xa sifika apha endlwini mna mntu ndikholelwa kumanyange asekhaya ooJambase, ooLisa, ooMsuthu, ooNomtholo, ooXazo, ooHlangomzoweni. Xa ndithandaza ndinqula bona kodwa xa ndikule Ndlu ndiyanyanzeliswa intokuba mandithathe inkolo engeyoyam kodwa umgaqo weli lizwe ube usithi wona iinkolo zawuthi zihlonitshwe zonke ngokulinganayo. Le ndlu uba nguwe ke Mphathiswa ofanele

ukuqinisekisa ukuba le nto iyalungiswa. Noba le ndlu iya kuthi xa ithandaza kuthwe umntu ngamnye makazithandazele mayijongwe loo nto ngoba le Ndlu ihlukumeza umgaqo-siseko weli lizwe.

Okwesibini ngulo mcimbi udibene namasiko nezithethe, eli sebe ndiyeva ukuba liyakhuthaza kodwa kufaneleke ukuba lithathe elinye inyathelo elithe qabavu ukuqinisekisa intokuba ukukhuthaza amasiko aba bantu bazibiza ngokuba – nendibahloniphe kakhulu – ziiKhooisan. Icinezulwe yaphela le nkolo yaba bantu. Ndithe xa bendimamele unomathotholo kwezi ntsuku ziphelileyo babe besithi bangade kuthi kanti abasalwazi nolwimi lwabo ukulifumana ncakasana ngoba lacinezulwa lapheliswa ngenxa yocalucalulo. Eli Sebe malithathe uxanduva ukuqinisekisa ukuba siyasebenzisana naba bantu ngoba yimvelaphi yabo leyo singazami ukuphelisa imvelaphi yabantu khonukuze imbali yethu ibe igqibelele hayi ukuba sifundiswa ngoJan Van Riebeeck noHertzog kuphela, sifundiswe nangaba bantu baphuma kulo mhlaba wakuthi.

Imali ethe yabekelwa kakhulu aba masipala balishumi elinesihlanu kuthwa ngooMasipala ooB. Ndinga ukuba izakunceda kakhulu, into nje Mphathiswa, Somlomo ekufuneka siyilungisile yintokuba la mathala eencwadi kuyafumaniseka intokuba nangona asebenza avulwa afikelela nakubantu abasemaphandleni ngoku kodwa amaxesha la okusebenza kwawo abanayo iingxakanyana, bathi abantwana ngoku la mathala eencwadi akhoyo bangakwazi ukufikelela kuwo ngenxa yokuba, umz uba eli thala leencwadi isikolo alinaso umntwana uyaphuma kufuneka esebenzise into ekhwelwayo efana nebhasi, akakwazi ke ngoku ukufumana olu lwazi aludingayo khonukuze enze umsebenzi wasekhaya ngoba uzalwa ngumzali ofana nam ongafundanga ongazukwazi ke ngoku ukumncedisa pha endlwini ukuze

akwazi ukwenza umsebenzi ekhaya wesikolo. Itsho ibe ngathi aba bantwana bayasilela ngalo lonke ixesha kanti lixesha eli elikhoyo. Lilonke la mathala eencwadi kufuneka asondele nakwezindawo okanye kubekho indlela eyenziwayo apho khona kuzawuthi mhleze xa kuphuma isikolo babekelwe iyure okanye iiyure ezimbini ukuze bazokufikela kula mathala eencwadi bazokwazi ukwenza umsebenzi ekhaya abawunikwe esikolweni.

Okokugqibela yile yezikolo nezemidlalo ezikolweni, lo msebenzi mhle kodwa ke okokuqala umhle nje kuyabonakala ukuba kusekho ingxaki enkulu, ingxaki enkulu ngamabala okudlalela. Aba bantwana bayazama ukudlala kwezi zikolo, izikolo zethu okanye izikolo zabantu abahluphekileyo azinamwo amabala okudlalela nangona iiyadi zakhona zinkulu kubonakala ukuba amabala afanele ukuba khona. Itsho le nto ke ngoku izise eli solotya belithethwa ngumama uWitbooi apha lokusidibanisa kwalamasebe, eli loPhuhliso loLuntu kwakunye neli lezeMfundo. Apho khona kufuneka zisebenzisane ukwenzela ukuba uhlahlo lwabiwo-mali luchithwe ngendlela apho khona iSebe lezeMidlalo xa lifuna ukukhulisa iqondo lokudlala ezikolweni isebe lezeMfundo abenohlahlo lwabiwo-mali alufakayo ukuqinisekisa ukuba intokokuba le ntloso iqhutywa lisebe lezeMidlalo alithi eli sebe xa lifika pha yoPhuhliso loLuntu okanye yezeMidlalo ifike iSebe lezeMfundo lingayazi noba makwenze ntoni ngoba ayizokumila ngolo hlobo.

Ms J HARTNICK: Mr Speaker, the DA welcomes the R445,3 million allocated to the budget of the Department of Cultural Affairs and Sport. We support this allocation as the department's vision is to create a socially inclusive, creative and active Western Cape and therefore creating an open opportunity society for all.

With this budget, this department is to provide for and promote arts and culture, museums, heritage, multilingualism, library and archive services and programmes, sport and recreation to accelerate growth in a sustainable manner for the benefit of all the people of the Western Cape. The challenge for the government is to build a cohesive Western Cape community by creating opportunities for all to unite and fully participate in the society at large. Cultural Affairs and Sport is a tool that can be used to assist with the building of this united and cohesive Western Cape community.

Mr Speaker, of significant importance is the R188 million allocated towards enhancing the province's 351 library service points. Knowledge must be celebrated and the pivotal role of libraries must be promoted as they do indeed empower the people, thus providing the space for creating a province filled with fit for purpose individuals who can value their lives as they are equipped with freedom they can use.

Library and archives remain an important area of work to ensure that we increase social inclusion; improve literacy levels, especially with our youth; provide access to archival heritage; and advocate for proper management and care of public records of provincial significance.

In this regard, the department will procure and provide library material to public libraries to promote a culture of reading; promote library usage through promotional programmes; extend the rural library service programme to three underserved areas as part of conditional grant funding; provide free access to information and communications technology in public library sites; provide training to public libraries; provide funding for the building of new library

facilities; transfer funding to municipalities for the provision of adequate staff from conditional grant funding, amongst others.

Mr Speaker, we find ourselves in a space where the youth is considered a problem which must be managed, a time in which young people are being treated as youth at risk or with the potential to become so. This is not the way in which we should perceive our youth. Our youth or, as we sometimes call them, youngsters are resources that ought to be developed and this development should be characterised by positive promotion thereof.

The open opportunity society model should provide the youth with tools and an enabling environment for them to thrive and prosper. It is for these very reasons that I am pleased as well as heartened by the promotion of library services by the Department of Cultural Affairs and Sport as libraries play an important role in the empowerment of communities as well as positive youth development. I commend the Minister and his department for this, especially for promoting the culture of reading in the rural areas of the Western Cape.

Mnr die Speaker, daar is selfs “wheelie wagons” op plase in my kiesafdeling, Hessequa. Baie dankie daarvoor.

I would also like to assure the Minister and his department that in my capacity as a member of the standing committee on this department, I will practise my oversight role in monitoring whether the department promotes social inclusion, mainstream sustainability and optimising resource-use efficiency, improves education outcomes, reduces poverty and builds the best-run provincial government in the world.

Work in the area of sport and culture should also maximise inclusive economic and employment growth through the hosting of major sport and cultural events; improve school education outcomes through the provision of school sport; and maximise health outcomes through the various sport and recreation programmes being run by the Western Cape government.

Die MINISTER VAN KULTUURSAKE EN SPORT: Mnr die Speaker, ek bedank die lede van die staande komitee wat aan hierdie debat deelgeneem het. 'n Besondere woord van dank aan die voorsitter van die staande komitee, mnr Mark Wiley. Ek wil ook alle lede wat aan hierdie debat deelgeneem het, bedank. Hulle het almal direk en indirek waardevolle insette gelever.

Hon member Wiley, thank you for acknowledging Kenny Solomon. We are not only building a profile of Kenny here but we are building a profile of the future of the youth in this province. We want to thank Kenny for his great role in teaching our youth that there are opportunities in chess and that when they play chess they make a move, and we want to teach children in the Western Cape to make a move. We also acknowledge Kenny because he teaches us through chess that there are consequences for the moves you make in your life. We want to thank Kenny for reminding the youth that there are consequences for the moves they make in their lives. We also want to thank Kenny for teaching the youth, directly and indirectly, through chess that it's about the choices that they make and that there are consequences for their choices.

We want to indicate that choices are what this government is about. The open opportunity society is about choices. Thank you, Kenny, for again reminding us that we must present choices to the youth so that they can make their particular choices.

I also want to thank hon member Wiley for his support to this budget. You referred to the Simon's Town Museum and the uncertainty in the context of the governance issues. As you know, we are busy drafting a new museum policy. The advertisement is out for the appointment of new board members. Hopefully the issues of the governance could be attended to with the filling of posts on the new board.

Thank you also for acknowledging the role of the many volunteers in the Western Cape. Many of our sport people and the people on the gallery volunteer their particular sporting codes and many other activities other than just simply sport.

I agree with you, hon member Wiley, that the Chrysalis sport interns can play a meaningful role as instructors in the MOD Centres. We are already in discussion with Chrysalis regarding the opportunities for these instructors, because I have seen them in action. Some of them have international sporting instructor qualifications, and we are looking forward to these Chrysalis interns to be employed at the MOD Centres.

Hon member Wiley, I note your concern for the next Olympic preparations. I'm happy that the Sports Council and the chairpersons of the various sport federations are here so that they can also take your message back to the various sport councils and that we can help and assist them in preparing for the next Olympics.

With regard to school sport maintenance, many of the other members of the standing committee also raised this issue. Currently, we are also in discussion with different organisations and with universities to develop models in this particular regard.

Hon member Witbooi, thank you for your input into this debate. Yes, you are absolutely right, this is a flagship project. Aunty Joyce, you are also correct, there are problems with the MOD Centres. We are taking these problems very seriously. We had in-depth discussions about how we can modify and improve the quality of the MOD Centres, because we certainly want to see that the youth get quality service at these MOD Centres. For that particular reason we have invested heavily in an M&E system to improve the quality of the MOD Centres. We have more than 180 MOD Centres, but we have now decided to target 32 and to turn the 32 into really world-class excellence centres and roll them out over time.

Some of the members in this debate asked how come only one-third of the school attend these MOD Centres. Mr Speaker, if there are 1 000 children at a school and there are two MOD Centres, certainly the ratio of 1:35 must to mind. It is impossible for two MOD Centre co-ordinators to train, co-ordinate and supervise 1 000 children. We then went back to the drawing-board and relooked at the staff requirements at these MOD Centres. However, we noted this point. Thank you, hon member Witbooi. We learn from these experiences, and if we fail we fail forward. We value the input that you raised in this debate. We are learning.

We are also very happy about the point that you raised about the facilities for MOD Centres and the sports facilities at schools. I had a discussion with Minister Grant when I was in

Prince Albert and he alluded to the fact that it is the responsibility of the school governing bodies to engage with the municipalities. However, the hon member Ncedana said in the standing committee that we need to engage with the municipalities and advise them on how we can co-operate in terms of providing better facilities at local schools.

Hon members of the House, it is now also a rule that a certain percentage of the MIG funding of municipalities must be used for sports facilities. I am happy to see in the House the Mayor of the Drakenstein Municipality. I am reminding her now in the House that a certain percentage of her MIG funding must, by law, now be allocated to sports facilities also in Drakenstein, so that we resolve these particular problems.

I am very saddened by the sad news brought to the House by Aunty Joyce about Nikolaas Finnies. My innige simpatie met die afsterwe van 'n sportheld van die Wes-Kaap.

Hon member Witbooi, it's the vision of this department to promote social inclusion. If you have any evidence of activities that promote social exclusion, I'd be happy to hear them and I will certainly rectify them.

Agb Witbooi, ek is ook verbind tot die MOD-sentrumprogram. Ek het verlede week 'n ongeskeduleerde besoek aan Drakenstein gebring. Ek het 'n skool daar besoek. It was an unannounced site visit, because I didn't want people to know what I'm doing. I went there and spoke to the school principal in his office. I asked him about the MOD Centre. He had three problems. One of the problems was that there was no food at the MOD Centre. There was no nutritional programme.

Mr Speaker, I went to the sports field. A lady was sitting there. There was a nutritional programme. The school principal was not even aware that there was a nutritional programme. I took a photo of that nutritional programme and went back to his office to show him. I told that him that he complained that there is no nutritional centre but it is happening right there at his school.

What does this tell us, Mr Speaker? When you have leadership you have an interest in the school. I certainly doubt whether there was leadership at that particular school. How can the principal not know that there is a feeding scheme that's part of the MOD Centre? I'm also willing to take the blame and the critique. Maybe we didn't communicate to the principal. It's not only the principal that's maybe at fault. Maybe we are also at fault of not communicating this message. I take 50% of the blame.

What I see at the MOD Centres is that where there is success there's visible leadership on the ground. I have seen it at many schools. The leadership at the school is also very important in terms of making the MOD Centre a success.

Agb lid Witbooi, baie dankie. Hierdie regering verwelkom die oorsigrol van die staande komitee ten opsigte van alle fasette, soos u tereg uitgewys het. Yes, hon member Witbooi, the slave history and the travelling exhibition will be a priority this year.

The hon member Witbooi also referred to many organisations that are not receiving money. What happened to them? Mnr die Speaker, hierdie departement gooi nie net sulke

organisasies weg nie. Indien jy aansoek doen om befondsing en jy is onsuksesvol, gaan my amptenare vir jou 'n werkswinkel aanbied om te wys hoe jy die volgende keer suksesvol kan wees.

We have a developmental approach. We are not dumping people there; we are helping people because that's the spirit in which we are working in this department. There is a programme to help those who are unsuccessful. Hon member Witbooi, it is now the time, as we stand here, to encourage those organisations to apply for funding for the next funding cycle.

Hon member Ncedana, thank you for your contribution and your input in this debate. You raised the issue of heritage. Your point is that we must see to it that we give equal attention to heritage. We will certainly do so, as requested by you.

Hon member Ncedana, you referred to the Khoisan. A very important group of the Khoisan is the Griquas. I have personally visited them on 13 May last year in Ratelgat in the northern part of Vredendal. I went there and declared Ratelgat of the Griquas a provincial heritage site. In addition to that, we allocated money to them and we had a big celebration. We will continue to do so throughout this year.

Hon member Ncedana, people's heritage and cultural practices are recorded through the oral history by historians in our archives and museums. PanSALB has a Khoisan Language Board and is responsible for the Khoisan languages.

Hon member, I agree with you regarding the issue of libraries, making libraries more and more accessible to the people. That's why we have a norm to determine accessibility for libraries closer the local communities.

Hon Ncedana also spoke about school and sports facilities. The same applies to them. Very importantly, the MIG funding must make provision for sports facilities also in that particular area, but I think it may be good news to the hon member when I announce here in the House that the Amandla EduFootball is an international NGO founded and based in Cape Town. It will now build a new safe hub next to Nyanga junction that will provide 2 000 boys and girls access to educational afterschool football programmes on a weekly basis, and it will bring together the youth from Manenberg and Gugulethu. I would like you to join us when we open this particular football facility.

I would also like you to join me one Friday evening at one of these facilities. After eight o'clock on a Friday evening is the time for crime in the townships, but from eight o'clock in the evening until midnight we play soccer. When we play soccer there is no crime. I would be very happy if you could join me and show collective leadership in visiting one of these particular areas.

Mr Speaker, I thank everybody for their participation in this debate. I hereby table my 2013-14 budget.

Debate concluded.

The SPEAKER: Order! That concludes the debate on this Vote. The proceedings will be suspended. We will resume at 14:45. It is 13:45 now and we will resume at 14:45, in an hour's time.

BUSINESS SUSPENDED AT 13:45 AND RESUMED AT 14:48.

WES-KAAPSE BEGROTINGSWETSONTWERP [W 2—2013]

(Debat oor Begrotingspos 11 – Landbou)

Die MINISTER VAN LANDBOU: Mnr die Adjunkspeaker, Premier, lede van die Huis en al my landbouvriende, dankie vir die geleentheid om vandag die Wes-Kaapse Departement van Landbou se 2013-14- begroting aan u bekend te maak.

Landbou is onlosmaaklik deel van die tye waarin ons leef. Landbouers, produsente en werkers is ewe blootgestel aan die algemene stand van die wêreld ekonomie, ons plaaslike ekonomie, sosiale kwessies, behoeftes van basiese dienslewering en ook die dood normale menslike behoefte om te streef na 'n beter toekoms vir jouself en jou familie. Hierdie integrasie van landbouers in die wêreld het duidelik na vore gekom tydens die onlangse landbouprotesaksies wat ons aan die einde van 2012 en aan die begin van 2013 ervaar het.

Mr Speaker, the one common theme that emerged from the protests was that South Africa has become a country of high hopes and equally high frustrations. We have become a country where people have lost faith in their ability to turn dreams into reality. We have thus become

a country where we voice our dissatisfaction and sense of disempowerment with violent protests. When focusing on the agricultural sector there are several factors we must take note of.

Produsente ervaar tans ongelooflike kostedruk. Elektrisiteit, brandstof, kunsmis en arbeid is alles insette wat vinniger gestyg het as wat plaasinkomste toegeneem het. Die swak wêreld ekonomie veroorsaak dat ons tradisionele markte nie meer die sterk vraag na ons produkte het nie. Kompetierende lande veral uit die Suidelike Halfrond soek almal nuwe afsetpunte. Die kompetisie is straf aangesien baie van die lande waarmee ons kompeteer ook afhanklik geraak het van uitvoere om hul landbousektore te ontwikkel.

Sake word verder bemoeilik vir die Suid-Afrikaanse produsent as gevolg van die onsekerheid wat tans heers oor verskeie van ons tradisionele uitvoermarkte. Ons kan steeds nie rooivleis uitvoer nie. Dit is weens die bek-en-klou-seer-uitbraak twee jaar gelede. Ons kan steeds nie volstruisvleis uitvoer nie, alhoewel die laaste positiewe gevolg van voëlgriep in November 2011 aangemeld is. Ons kon sedert 2010 nie perde uitvoer nie as gevolg van Afrika-perdesiekte. Ons sitrusbedryf loop tans die gevaar om sy swartvlekvrye status te verloor.

Mr Speaker, weak market demand is pushing the price producers get for their produce down. Thus we have higher input costs, together with lower product prices. This means less profit on the farm. Recent statistics show that table grape producers in the Berg River region currently farm at a loss of R17 000 per hectare.

Farm workers have been under enormous pressure. Food inflation has increased faster than wages. Many workers became trapped in a debt spiral as they increasingly made shortfalls up with very expensive credit from loan sharks. When labour brokers operate outside the ambit of the labour law the opportunities for worker exploitation are numerous.

The high level of unemployment in South Africa is making competition for work very fierce. This is even more so in the unskilled labour market. Agriculture remains one of the few sectors in our economy which can absorb unskilled labour to some extent. Therefore we see each year how thousands of hopeful job seekers flock to the Western Cape.

As the Premier noted in her State of the Province Address, it is a bitter irony that job seekers are coming from the most fertile areas in South Africa and Southern Africa to seek employment on the rocky mountain slopes of the De Doorns in the Western Cape.

Mnr die Speaker, hierdie kompeterende belange het druk opgebou om die perfekte teelaarde te skep vir die orkestrering van die protesaksie wat in November 2012 uitgebreek het. Die vlakke van geweld en saakbeskadiging was van 'n ongekenende omvang en hopelik iets wat ons provinsie nooit weer sal sien nie. Ek wil dit baie duidelik maak dat geen politieke gewin die dood van mense of die beskadiging van eiendom regverdig nie. Ek wil my dank teenoor die SAPD uitspreek vir hul harde werk onder moeilike omstandighede tydens hierdie protesaksie.

Mr Speaker, as a responsible government, we must do everything in our power to prevent similar violent protests. We need to investigate and drill down to the very bottom of all the factors and conditions which created the environment for these violent protests.

We must create the conditions for ordinary South Africans to regain trust in their dreams again. We must create the enabling environment for people to pursue their dreams.

It is within this context that I am presenting the 2013-14 budget today. We have been allocated a budget of R610 million. How can we best use these funds in order to restore hope for the future? How can we, as government, create the space for farmers and farm workers to dream again?

Mnr die Speaker, laat ek dit ook onomwonde stel: Ons kliënte, die landbougemeenskap van die Wes-Kaap, verdien net die beste, want hulle, soos hulle hier sit, is die beste. Hierdie feit word elke jaar herbevestig wanner die SA Boer van die Jaar uit die Wes-Kaap kom. Dit word elke jaar bevestig met die aankondiging van die Wes-Kaapse Plaaswerker van die Jaar. Dit word bevestig deur die feit dat ons boere 'n landbousurplus vir die uitvoermark kan verbou in een van die 30 droogste lande ter wêreld.

Mr Speaker, allow me to thank the team from the Department of Agriculture, and in particular Joyene Isaacs, my Head of Department. This department has performed very well over the past four years. It has been crowned as the South African Department with the Best Annual Report for two consecutive years. It has been acknowledged as the Best Research Department in South Africa. It has been acknowledged as the Most Female Empowered Department in South Africa.

A special word of congratulation also goes to Dudley Adolph. He has come through the ranks at the Department of Agriculture, and has now been appointed as Acting Deputy Director-General.

Mnr die Speaker, die landbougemeenskap kan vertrou dat hierdie span mense ook die 2013-14 begroting op dieselfde hoë standaard sal hanteer as waaraan ons gewoon geraak het. Ons gaan ons uiterste bes doen om toe te sien dat die maksimum voordeel vir die Wes-Kaapse landbousektor ontgin word deur die aanwending van ons begroting. Dankie aan Floris Huysamer. Dit is jou werk, Floris, om toe te sien dat die geld reg gespandeer word.

Ek gee dan vir u 'n ontleding van die 2013-14 begroting:

Sustainable Resource Management: R47,6 million. Water is the lifeblood of farming in South Africa. It is also a very scarce and precious resource. We want to increase agricultural production with 10% over the next 10 years, and this is directly linked to our ability to use water more effectively. Water management is therefore a strategic priority for this programme, this department and ultimately for the agricultural sector.

Ons satelliet- en Internet-besproeiingsprogram het sedert 2009 bewys dat dit 'n waardevolle instrument vir besproeiingsboere is. Satellietbeelde word ingespan om aan boere wetenskaplike besproeiingsdata te verskaf. Ons gaan hierdie projek onderhou en ook verder uitbrei om ander gewasse en ander areas in te sluit.

Ons het reeds 35 km se indringerplantegroei aan die oewers van die Bergrivier verwyder en die oewers met inheemse plantegroei hervestig. Hierdie werk is uiters duur, tydrowend en arbeidsintensief. Ons beoog om vanjaar nog 10 km te rehabiliteer. Indien ons die totale loop van die Bergrivier, wat 260 km lank is, met inheemse plantegroei kan hervestig, sal ons genoeg water spaar om 1 500 ha onder besproeiingsgewasse te vestig.

Veels geluk aan Andre Roux en sy span vir die werk wat hulle doen om ons kosbare hulpbronne te bewaar en doeltreffend te benut. Hul harde werk is verlede jaar erken met drie Landcare-toekennings – twee goue medaljes vir bewaringsprojekte by Suurbraak en Genadendal, asook ‘n bronsmedalje vir die werk van Dirk van Papendorp as mentor vir die Suurbraak bemagtigingsinisiatief.

Mnr die Speaker, goeie heinings maak goeie bure. Hierdie gesegde is baie waar wanneer dit by roofdierbeheer kom. Alle roofdierbeheerstrategieë berus daarop dat heinings in stand gehou moet word sodat dierebewegings beheer kan word. Ons het dus verlede jaar met Landcare-fondse met ‘n heiningsprojek in die Beaufort-Wes-omgewing begin. Daar is reeds 80 km se roofdierheining gespan, en indien daar weer fondse in die toekoms beskikbaar gestel word, sal ons met hierdie werk voortgaan.

The frequency of natural disasters in our province over the past six years is an indication of what we can expect in future times as climate change takes effect. We are expecting more extreme climatic events – more intense droughts and more floods. This department has managed R127 million for disaster relief since 2009.

We have therefore now established a new subprogramme, Disaster Risk Management. This programme will provide our clients with technical assistance and support them in developing risk mitigation and prevention strategies.

Farmer Support and Development: R227,9 million. Dit is amper die helfte van ons begroting. Hierdie program ontvang die leueaandeel van ons begroting, en dit is waar ons pogings om nuwe boere te vestig en te ondersteun, gekonsentreer word. Dit bly 'n prioriteit van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, maar ook van die provinsiale regering, dat grondhervorming en bemagtiging in landbou suksesvol moet wees.

Ons het verlede jaar 'n interne opname onder projekte gedoen wat aangedui het dat 70% van ons nuwe boere marktoegang vir hul produkte het, goeie boekhouding toepas en volgens 'n besigheidsplan werk. Slegs 38% van ons nuwe boere voldoen egter aan die basiese vereistes van die arbeidswetgewing en slegs 50% kom belastingverpligtinge na.

Ons gaan dus in hierdie boekjaar vir hulle finansiële en arbeidswetgewingopleiding aanbied om ons nuwe boere ook op hierdie terreine te ondersteun.

Ons interne opname word ook vanjaar verder geneem deurdát ons 'n onafhanklike en eksterne audit van al ons bemagtigingsprojekte gaan doen. Hierdie inligting sal ons help met toekomstige beplanning en dienslewering. Dit sal ook onafhanklike perspektief verskaf ten opsigte van hoe suksesvol ons intervensies sedert 2009 was.

We will continue our commodity approach with empowerment projects. We have created expert panels for each commodity, consisting of government and private sector experts. This ensures the very best support for our empowerment beneficiaries. A total of 60 new projects, worth R135 million, will be initiated and funded through our conditional grant allocation in this financial year.

Mr Speaker, this means that since 2009, the department has supported a total of 252 projects through the commodity approach to the value of R410 million. This has covered all 10 commodities currently involved across the entire province. In addition, through our “Boompie” project a total of 438 ha have been planted in collaboration with HORTGRO. Thank you to Mogale Sebopetsa for your commitment towards this programme.

Mr Speaker, allow me also to mention and welcome Casidra here today. Casidra has been appointed as the sole implementation agent for the Western Cape Department of Agriculture, in an attempt to further enhance the efficiency with which we deliver projects and services on the ground. Welcome and good luck to Stefan Conradie, the newly appointed Chief Executive Officer.

Mnr die Speaker, die Wes-Kaapse regering bly verbind tot aandeelhoudingskemas as ‘n model vir landboubemagtiging en transformasie. Ons glo dat 95% van projekte suksesvol is. Ons glo nie, soos die ANC-regering, dat hierdie skemas afgeskiet moet word as gevolg van 5%-mislukkings nie. Ons stem nie saam dat 5% genoeg gronde is om nie nuwe projekte van hierdie aard te finansier nie.

Ek verwys skeptici graag na projekte soos Bronaar van die Van der Merwes, Crispy van die Du Toit Groep of Denou van die Goosen-familie. Ek daag enige persoon uit om hierdie projekte te besoek en dan vol te hou dat aandeelhoudingskemas nie werk nie.

‘n AGB LID: Hoor, hoor!

Die MINISTER: Ek wil elke onderneming wat die geleentheid aangegryp het, toe dit bestaan het, om ‘n aandeelhoudingskema te begin van harte bedank. U het ‘n daadwerklike vennootskap met u werkers gestig. Ons land se geskiedenis sal reflekteer dat u die mees suksesvolle en blywende transformasie en bemagtiging in die eerste 20 jaar van ons land se demokrasie te weeg gebring het. Baie dankie vir u positiewe gesindheid.

Mr Speaker, food security projects are of vital importance in especially impoverished communities. We will spend close to R10 million on the establishment of 1 036 home food gardens as well as 85 community gardens.

We will also initiate a “fly-over” project of the province, costing R8 million this year. The aim of this project is to use aerial photography in order to create a map of all crops in the province. This map will provide us with valuable information in order to direct policy for the future.

Veeartsenydiens: R64,7 miljoen, ‘n 19%-verhoging vanaf verlede jaar. Die veeartsenydiens personeel van ons departement skarrel sedert 2009 rond van die een krisis na die volgende een – Slenkdalkoors in 2009; Afrika-perdesiekte in 2010; en Voëlgriep in 2011,

wat veroorsaak dat 48 000 diere van kant gemaak word en kompensasie van R62 miljoen aan produsente uitbetaal moet word.

Die bestuur van hierdie uitbrake het ons personeel onder ongelooflike werksdruk geplaas, aangesien hul roetine werk nie agterweë kon bly nie. Ek bedank dus graag vir dr Gininda Msiza en sy span vir harde en moeilike werk die afgelope paar jaar.

Mr Speaker, the demand for export control and certification of animal products from the Western Cape is increasing. Animal disease management, together with the withdrawal of the national department from rendering export certification services, has stretched our veterinarian component to the limit. We are therefore pleased to announce an additional R7,5 million received to fund three new state veterinarian positions.

The programme will also be able to assist producers with the procurement of vaccines such as for Rift Valley Fever, rabies, Brucellosis, anthrax, African horse sickness and Newcastle disease. My department does between 50 000 and 70 000 rabies vaccinations per year, and this year will be no exception.

Mnr die Speaker, daar is ook goeie nuus. Ek het vroeër verwys na Afrika-perdesiekte en die verbod op perde uitvoere. Ons is positief oor die moontlikheid om hierdie aangeleentheid teen die middel van vanjaar opgelos te hê en dat ons weer direk ons perde kan uitvoer. Dit is 'n feit dat diersiekte-uitbrake onmoontlik is om te voorkom, maar ons kan steeds alles in ons vermoë doen om dit soveel as moontlik te beperk.

Navorsing en Tegnologie Ontwikkelingsdienste: R95 miljoen. Navorsing bly 'n prioriteit van hierdie departement. Ons hou die fokus op basisnavorsing wat poog om met minder insette beter uitsette te verkry. Daar sal ook 'n klem op “klimaatslim” tegnologie-ontwikkeling wees. Navorsing in bewaringsboerderymetodes, soos geen bewerking en minimum bewerking, word voortgesit. Bewaringsnavorsing word gekoördineer deur die Wes-Kaapse Bewaringslandbou-inisiatief. My departement ondersteun hierdie beweging.

Mr Speaker, the sustainability of our research farms will be a focus point in this financial year. We will seek innovative ways in which to utilise agricultural water, farm generated waste products and on farm renewable energy generation. This year will see the inauguration of our pilot biogas plant at the Outeniqua Research Farm in George. We will be converting manure into biogas and electricity. This project, in conjunction with my friend here at Public Works, will serve as a research model to encourage the private sector to adopt new and novel energy models.

Die onlangse Voëlgriep-uitbraak het ook die departement se waardevolle volstruis-navorsingskudde geraak. Ons het gevolglik 'n biosekuriteitsplan ontwikkel en suksesvol geïmplementeer op ons Oudtshoorn navorsingsplaas. Ons is ook bly om aan te kondig dat ons jaarlikse volstruisveiling weer sal plaasvind, nadat dit verlede jaar onmoontlik was as gevolg van die virus. Ek dink dit vind binne twee weke plaas.

Die Navorsing en Tegnologie Ontwikkelingsprogram is verantwoordelik vir die koördinerings van die Wes-Kaapse Landbou Navorsingsforum. Hierdie forum koördineer alle navorsing vanuit die verskillende instansies om duplisering te voorkom en uiteindelik die maksimum

voordeel vir die navorsingsgemeenskap te bewerkstellig. Ek wil vir dr Ilse Trautmann bedank vir die passie waarmee sy haar werk doen.

Agricultural Economic Services: R17,8 million, an increase of 18%. The world economy has not recovered from the global financial crises in 2009. As such, our traditional export markets in the EU cannot be relied on as sole destination for our produce. New markets in India, China and Africa need to be developed. We need to invest in market research, marketing and branding activities in order to create the suitable environments for our producers to do business.

This year will see us hosting an Africa information day where we will create the platform for business and government to investigate new opportunities on the African continent. We will once again take part in the Yantai International Wine Festival, which has over the past three years become an important event on our export wine business agenda.

Through the hard work of this programme, we have since 2009 been able to support 91 companies in overseas marketing visits and exhibitions. Thank you to Bongiswa Matoti for being willing to spend so much time away from your family while abroad, supporting our exporters.

Die boek wat julle vandag ontvang, is ons tweede boek met suksesverhale van hierdie departement. Hierdie was ons eerste boek, en dit het oor bemagtiging van mense gegaan. Die tweede boek van vandag gaan oor ons suksesse met nuwe markte. Ek hoop u wat dit lees, sal

geïnspireerd wees en dit geniet. Ek hoop dat ons ook eendag so ‘n boek oor landbou in Suid-Afrika kan produseer.

Die Agribesigheidsbeleggingseenheid, wat in 2009 by Wesgro begin is, het R278 miljoen gewerf vir beleggings in landbou in die provinsie. Ek wil my dank betuig aan die eenheid vir hul harde werk, maar ook aan elke belegger wat moeite gedoen het met ons landbou ekonomie. Jul finansiële insette in ons landboubedryf genereer werkgeleenthede wat vir ons ekonomie baie, baie waardevol is.

Internasionale handel word al hoe meer beïnvloed deur sosiale en omgewings-verantwoordelikheidskwessies. Suid-Afrika is op die Verenigde State se hoë risiko lys met betrekking tot sosiale kwessies. Dit is uiters belangrik dat Suid-Afrika hierdie situasie verbeter.

Die vrugte- en wynbedrywe is besig om proaktief aan verskeie etiese handelsinisiatiewe deel te neem om hierdie uitdagings aan te spreek. Ons wynbedryf is die wêreldleier met “Fair-trade”-akkreditasie. Beide die wyn- en vrugtebedryf het ook etiese kodes gevestig wat nie net aan internasionale norme en standaarde voldoen nie, maar dit oortref.

Die Wes-Kaapse regering is trots op julle vir jul harde werk. My departement sal R2 miljoen van die begroting aanwend om die Wynbedryf se Inisiatief vir Etiese Handel (Wieta) en die vrugtebedryf se Volhoubare Inisiatief vir Suid-Africa (Sisa) te ondersteun. Hierdie inisiatiewe is nog ‘n goeie voorbeeld van hoe die regering met die privaat sektor saamwerk om wen-wen situasies te bewerkstellig.

Met hierdie geleentheid wil ek ook elke produsent bedank wat deelneem aan hierdie etiese inisiatiewe. Robertson Wyne was die eerste koöperasie om al 43 van hul primêre verskaffers by Wieta te registreer. Hulle stel 'n voorbeeld wat ander kan volg.

Structured Agricultural Education and Training: R48,4 million

Mr Deputy Speaker, our hope lies in the future and the future belongs to our children. It is today's youth who will have to carry us into tomorrow. It is also the youth who will dictate whether or not South Africa's social transformation progresses in the right direction.

However, of more importance is the fact that agriculture needs skilled professionals and skilled workers equipped for the changing needs within the sector.

It has come to my attention that there is a need for specialised training on modern agricultural machinery. We will, in conjunction with the private sector, facilitate meeting this need.

Ek is opgewonde oor die 438 studente wat ingeskryf is in ons verskeie Hoër Onderwys- en Opleidingsprogramme. Hierdie jaar is 117 hoër onderwysstudente en 72 leerderskapstudente ingeneem in die onderskeie programme.

Ons het 14 nuwe beurse in 2012 toegeken en 23 is hernu teen 'n koste van R1,4 miljoen. 'n Verdere 47 beurse was verkry van skenkers van buite, wat ook R1,4 miljoen uitgemaak het.

A further 1 600 people benefited from nonformal skills training programmes. We finalised an extensive cellar upgrade at Elsenburg last year. The cellar is now once again fully operational and has been accredited for environmentally-sensitive processes. I am confident that we will be able to deliver the calibre of winemakers that the industry is searching for.

I want to thank Marius Paulse and his management team for ensuring that Elsenburg continues to be the top agricultural college in South Africa.

Landelike ontwikkelingskoördinasie

Mnr die Adjunkspeaker, ons kom by landelike ontwikkeling. Dit ontvang R22 miljoen, 'n 35%-styging van verlede jaar. Die verhoging in die toekenning aan hierdie program is 'n bewys van die provinsiale regering se verbintenis om maniere te ondersoek en oplossings te vind vir die onrus wat ons die afgelope somer ervaar het.

Landbou is een van die hoekstene van ons provinsie se ekonomie. Plaaswerkers help om dit moontlik te maak en om hierdie rede word hulle erken vir die onmisbare rol wat hulle in ons ekonomie speel. Daar is sowat 190 000 plaaswerkers in die Wes-Kaap. Dit is 24% van al die plaaswerkers in Suid-Afrika. Alhoewel permanente plaaswerkers in die Wes-Kaap 34% beter vergoed word as op enige ander plek in die land is ons bewus daarvan dat daar nog uitdagings is.

Ons Plaaswerker-ontwikkelingsprogram, wat onder landelike ontwikkeling ressorteer, sal R17,4 miljoen ontvang, en dit sluit in:

- sosiale opheffing en lewensvaardigheidoriëntasie;
- alkohol- en dwelmmisbruik;
- plaaswerkeropleiding en loopbaanontwikkeling; en
- toegang tot informasie.

Ons jaarlikse Plaaswerker van die Jaar-kompetisie raak elke jaar meer gewild en die gala aand in November 2012 by die Kaapse Internasionale Konferensiesentrum was weer eens 'n hoogtepunt van ons kalender. Baie geluk aan Wimpie Paulse, ons 2012-wenner. Hierdie kompetisie gee erkenning vir die waardevolle bydrae wat plaaswerkers tot ons provinsie se ekonomie maak. Dit skep ook rolmodelle en wys dat daar baie geleenthede en loopbane binne landbou is waarna gestreef kan word.

Ek bedank graag vir Shoprite vir hul vennootskap met ons as amptelike borg. Julle R750 000 borgskap help om die beeld van die geleentheid verder te verbeter.

In direkte reaksie op die stakings, het ons die voltooiing van 'n basislyn-opname oor plaaswerkers in die provinsie geprioritiseer. Dit sal ons help om die sosiale behoeftes van plaaswerkers te identifiseer en te moniteer sodat ons met 'n toepaslike beleid kan reageer op die uitdagings wat hulle in die gesig staar.

Mr Speaker, the development of our rural areas can play a significant role in the alleviation of poverty in our province. The main focus of our Rural Development Programme is therefore to co-ordinate various government institutions and departments in strategic investments in our

rural areas. We are also establishing social structures that will make these communities more accessible for investments from outside.

Since its inception in 2009, we have made good progress. I can today report that a total of 11 rural nodes have been established. We have co-ordinated the listing of 229 development projects worth R305 million until 2014. This has resulted in 1 660 temporary employment opportunities and 3 285 people received training in the process. Thank you to Tony Xaba. Tony, you are managing large flows of money with a relatively small budget, but your work will leave a long-term legacy behind.

Dan wil ek ook graag vir my kantoorpersoneel, onder leiding van Johan Coetzee, baie dankie sê. Ek dink julle is die beste in die land. Dankie ook aan my vrou, Christa, vir haar ondersteuning.

Mnr die Adjunkspeaker, ek sluit af: namens die Premier en die Wes-Kaapse regering wil ek vir elke landbouer dankie sê vir hul positiewe bydraes die afgelope jaar. U sorg dat ons elke dag genoeg voedsel op ons tafels het en dat daar ook steeds genoeg vir uitvoere is. U as produsente en plaaswerkers is belangrik vir die Wes-Kaap. Mag die Vader u seën as landbouers, en ook u arbeid. [Applous.]

Mnr M C WALTERS: Mnr die Adjunkspeaker, ek dink ons is baie duidelik 'n mosie van dank verskuldig aan Minister Van Rensburg. Ek dink hy het op 'n omvangryke wyse die omgewing geskets waarin boere, landbouers en plaaswerkers 'n bestaan moet maak. Dit is 'n baie komplekse omgewing en die departement maak beslis 'n baie groot bydrae daar.

Mr Deputy Speaker, it is once again my privilege to address the House on Vote 11. While the standing committee examined the budget of the department rigorously, no serious flaws were noted or discrepancies remarked upon between the APP and budget. Indeed, it would appear that the department is maintaining the high standard which resulted in the Institute of Government Auditors identifying them as the top department in South Africa for 2012.

The Minister, HOD and the dedicated personnel deserve the acclaim of all. The excellence of the department is widely recognised. In fact, it is the only viable Department of Agriculture in the country and is not plagued by constant changes in top management as, for example, in the national Department of Agriculture, Forestry and Fisheries, where executive musical chairs appears to be the order of the day.

Of the nine provinces, it is only the Western Cape that has maintained an effective agricultural training programme and, indeed, even expanded its offering while programmes elsewhere at formerly recognised centres of excellence, such as Cedara in KwaZulu-Natal, Transagric at Potchefstroom, Glen Agricultural College in the Free State and others, have allowed facilities to degenerate and the quality of offering to decline, without the national department seeming to be particularly concerned.

The delivery of the department over the various programmes it operates could be utilised as a viable template for other provinces to emulate, should the ANC government allow them to apply it.

The audit report of the Auditor-General was financially unqualified with findings. This was seen as a regression in the previous year's clean audit. While the finding, which was based on work undertaken at the Merweville office where three viable tenderers did not exist, might seem minor, care must be taken in future to obtain the full quota of tenders albeit from as far afield as Cape Town.

The activities of the department and the interests of Western Cape agriculture have been seriously compromised by the failure of services such as international liaison, in the case of the wine industry and Thailand, and the identification of South Africa as a risk area, with regard to the lack of effective border controls to prevent the dissemination of diseases such as foot-and-mouth disease.

The decline of the Onderstepoort vaccine production operation from the position in the early nineties when the Food and Agricultural Organisation (FAO) of the United Nations wished South Africa to provide vaccines to the entire sub-Saharan region, to where we now need to import vaccines from Botswana, further illustrates the need of the Western Cape to strengthen its veterinary capacity.

The land reform programmes at national level have been dismal failures in which many billions of rands have been expended with little sustainable benefit to the communities who were the intended beneficiaries. The share equity schemes implemented in the Western Cape ensured the continuity of management and market access while empowering farm workers as participants in shareholding, management and planning for the social development of the entire community.

The mission of the department is all-encompassing and finds expression in the programmes of the department and of its entity, Casidra. The two strategic goals of the department, as presented in the APP, address the logical pathways to achieving Provincial Strategic Objective 11 and are also well aligned to the national strategic plan.

The department's total budget for the 2013-14 financial year is R610 million, of which R164 million is comprised of conditional grants and R25,454 million of its own receipts. The remaining R418 million is allocated to the eight programmes of the department.

Sustainable resource management – and I think the Minister has mentioned this – is a key programme providing support to ensure that resources are maintained in productive condition. Water being a key input in agriculture, the effective use thereof receives much attention.

Should the uncertainties related to the raising of the Clanwilliam Dam wall be resolved, this programme will become even more important as 5 000 new farmers would require the engineering services and irrigation information required. This programme received R47,9 million and the need could increase if the dam's capacity increases. Perhaps the Treasury should just make a mental note of that.

Farmer support and development plays an important land reform role in collaboration with the national Department of Rural Development and Land Reform. Its commodity approach, in which 121 commodity-specific projects will be implemented, also holds great promise.

Extension and advisory services utilise modern technology to reach farmers, reinforced by demonstrations, mentorships and 3 600 on-farm visits.

Emphasis is also placed on community and household garden projects, about which the committee had some reservations with regard to sustainability and we will visit some of these during the year. A budget of almost R228 million is to be expended and R116,979 million of the budget of the farmer support and development programme will be transferred to Casidra for its activities in this field. I want to echo the congratulations to the new CEO of Casidra.

Veterinary services have been severely tried by disease outbreaks of various types, not least the problem of avian influenza in the ostrich industry. Problems at national level exacerbate the disease complex and expose the vulnerability of the Western Cape animal production. A significant increase of almost 19% to R64,564 million is justified in order to create the capacity to handle such crises. There we must congratulate the department on the creation of three new veterinary posts. This is of vital strategic importance for the province.

Research and technology development should be the driver of advances in production, especially in view of the department's wish to increase agricultural production by 10% over the next decade. This programme receives R95 million, but it's less than one sixth of the total budget and less than one quarter of the equitable share while itself generating almost R25,5 million of the department's income.

Infrastructure support services and technology transfer absorb almost R34 million of that R95 million, with only R60,8 million being allocated to research per se.

The 28 researchers of the department are doing magnificent work. They comprise almost half of those in provincial service nationally, but represent only a small fraction of those in public service at national level. It is therefore essential that the Western Cape Agricultural Research Forum – which will include the Agricultural Research Council (ARC) and university researchers as well as private researchers, where appropriate – be optimally developed and supported by the department.

This is especially so that constant innovation can drive further development of agriculture in the Western Cape. Increased capacity and budget allocation to research must also be seriously considered.

The Agricultural Economics Services Programme, Mr Deputy Speaker, receives R17,8 million but the allocation does not belie the importance of this programme with an intercontinental reach, especially where agricultural exports are so important to the provincial economy. Its importance to ensuring that land reform projects are guided to economic success is also very obvious.

The structured Agricultural Education and Training Programme, which I, for the sake of brevity, will refer to as Elsenburg, has been at the forefront of farmer training since 1898. It receives a total of R48,5 million. It provides higher education and training to 438 students ranging from NQF level up to university level, the latter in co-operation with the University of Stellenbosch.

Elsenburg graduates play key executive roles at the highest levels in industry while the skills imparted at lower levels enhance the efficiency of production throughout the country, not only the province. May Elsenburg continue to provide a template for agricultural training in South Africa, as it has done for more than a century.

The Minister referred to the Rural Development Co-ordination Programme, which holds much promise. It will receive a total of R22 million in 2013 and R17,4 million of that will be for farm worker development, gainsaying the fact that it is often said that the department does little for farm workers. This programme provides a provincial support for the national Comprehensive Rural Development Programme to ensure socioeconomic development in the 15 selected rural nodes in the Western Cape.

This department provides a truly comprehensive support service to agriculture in the Western Cape, both the established as well as the emerging sectors. The emphasis on the emerging sector is reflected in the programmes and initiatives of the department.

I wish to again congratulate the Minister, the HOD and all the officials, who are good friends of the standing committee, for the contribution they make to development in the Western Cape. The committee will continue to exercise their oversight role and will follow your progress with interest. This budget is supported. I thank you.

Me E PRINS: Mnr die Adjunkspeaker, landbou in die Wes-Kaap staar 'n krisis in die gesig en die krisis het sy ontstaan hier in die Huis en in die regering van die Wes-Kaap. Die persoon

wat direk daarvoor verantwoordelik is, is die Minister van Landbou in die provinsie.
[Tussenwerpsels.]

In die Strategiese Plan van die Departement van Landbou in die Wes-Kaap, vir die tydperk 2009-10 tot 2014-15, skryf die Minister in sy voorwoord – luister waarom ek so sê – en ek haal hom aan:

Dit is my verantwoordelikheid as Minister van Landbou en landelike ontwikkeling om seker te maak dat die Departement van Landbou ‘n strategiese plan ontwikkel en dit uitvoer. Hierdie strategiese plan sal fokus op al ons pogings vir die volgende vyf jaar en sal dien as ‘n kompas om sodanige projekte te implementeer en hierdeur erkenning te verleen aan die grondwetlike mandaat en die strategiese doelwitte van die regering.

Dit was 2 Maart 2010. Dieselfde Minister reageer op ‘n vraag wat ek aan hom gestel het op 26 Julie verlede jaar, ten opsigte van grondhervorming en die likwidasië van aandeelhoudingskemas, dat hy nie verantwoordelik is vir grondhervorming nie.

As hy nie is nie, wie is dan nou – die Premier, die Minister van Gesondheid, die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling of die agbare verkeerskonstabel? Ek sal weer later terugkom na die aandeelhoudingskemas.

Dit bly nie net daar nie; met die onlangse onrus op plase moes die Minister weer besluit of hy ‘n boer is en of hy die Minister van Landbou in die Wes-Kaap is, waaronder die welstand van

plaaswerkers ook ressorteer. Uit al sy uitsprake is daar net een afleiding: hy is eers ‘n boer en dan die Minister van Landbou in die Wes-Kaap. [Tussenwerpsels.]

‘n Mens kan miskien nie die agb Minister heeltemal verkwalik nie, want hy kry teenstand vanuit sy eie party. Volgens *Die Burger* van 16 Maart 2013 het die Minister gewaarsku teen goedkoop ingevoerde landbouprodukte wat boere kan seermaak en gepleit dat die Suid-Afrikaanse regering moet leer om te onderskei tussen geleenthede wat goed is vir Suid-Afrika en geleenthede wat sleg is vir Suid-Afrika. Die is volgens *Die Burger*, en ek haal aan:

Hy het spesifiek verwys na die pluimveebedryf, wat tans nie kan meeding met die pryse van Suid-Amerikaanse hoenders nie.

Die DA se federale voorsitter, Wilmot James, het by monde van die DA se webwerf gesê dat die DA met die Minister van Handel en Nywerheid gaan ontmoet om hom daarvan te oortuig dat die regering nie moet voortgaan met die instelling van skadelike tariewe op die invoer van hoenders nie.

Die instel van tariewe sal slegs tot nadeel wees van armer gedeeltes van die bevolking. Volgens statistieke wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorsien is, maak invoere slegs 10% van die totale plaaslike produksie uit. Volgens James, moet die Minister van Handel en Nywerheid nie toegee aan die misleidende versoeke deur plaaslike produsente om hulle sodoende te beskerm nie.

Mnr die Adjunkspeaker, wie is nou reg - die federale voorsitter van die DA of die Minister van Landbou in die Wes-Kaap? Dit lyk vir my daar is tweespalt in die geledere van die DA en dit nogal 'n jaar voor die verkiesing. Die DA sal moet besluit aan wie se kant hy nou eintlik is.

Die MINISTER VAN GESONDHEID: Dis 'n moeilike besluit.

Me E PRINS: Is hy aan die kant van die boere of aan die kant van die armes? [Tussenwerpsels.] Wie se stemme gaan die swaarste weeg in die verkiesing? Dan sit die Minister ook nog met 'n probleem met sy verhouding met Agri Wes-Kaap. [Tussenwerpsels.]

Mnr die Adjunkspeaker, die Departement van Landbou behoort die grootste rol te speel in die ontwikkeling van die Wes-Kaap, want nie alleen maak landbou in die Wes-Kaap die kern van die ekonomiese groei in die Wes-Kaap uit nie, ... [Tussenwerpsels.] ...

Die ADJUNKSPEAKER: Orde!

Me E PRINS: ... dit vorm 'n integrale deel van die totale landbousektor in die land, en landbou in die Wes-Kaap behoort 'n beduidende rol te speel in die voedselsekuriteit van die land.

Mnr die Adjunkspeaker, die departement het vir hom sekere doelwitte gestel, naamlik: die ontwikkeling en implementering van 'n strategie om 10% groei binne die sektor oor die volgende 10 jaar daar te stel; om die landbousektor te ondersteun om sy uitvoerposisie oor die

volgende vyf jaar te behou deur waardetoevoeging tot die R14 biljoen van 2009; om met boere en die industrie saam te werk met betrekking tot navorsing en die ontwikkeling van voorpunt tegnologie ten einde 'n 10% toename in produksie oor die volgende 10 jaar te verseker; om hom toe te spits op landelike ontwikkeling ten einde 'n gesonde sosioekonomiese groei te bewerkstellig vir 'n volhoubare toekoms; om te verseker dat ten minste 60% van grondhervormingsprojekte oor die volgende vyf jaar suksesvol sal wees.

Mnr die Adjunkspeaker, ek wil by grondhervorming begin. Ons weet dat die Wes-Kaap die beste resultate toon ten opsigte van suksesvolle grondhervormingsprogramme, maar dit is nie nuwe nuus soos wat die agb Premier in haar Stand van die Provinsie toespraak wou voorgee nie.

Hierdie syfer kom reeds vanaf 2009 voor, so die grondslag van die sukses is deur die ANC gelê. [Tussenwerpsels.] Die vraag is egter: wat is die posisie vandag in 2013? Hoeveel projekte het agter afgeval terwyl nuwes net voor aangehaak word? Hoeveel landbougrond was reeds in 2009 in die hande van voorheen benadeelde persone en presies hoeveel grond is vandag in die hande van voorheen benadeelde persone? Ek praat van alleeneienaarskap en nie aandeelhouerskemas nie. Die Minister kan nie weer voorgee dat dit nie sy mandaat is nie, want sy departement werk met elkeen van hierdie projekte, of so word ons verstaan gemaak. Of is dit eintlik Casidra en ander instansies wat daarmee werk?

Die grootste ewel met grondhervorming is die aandeelhouerskemas waar Suid-Afrikaanse boere, en nie Hollanders soos die Premier wil voorgee nie, miljoene rande uit die staat maak

onder die vaandel van aandeelhouderskemas; en die plaaswerkers wat baat daarby moet vind kry bitter min van die voordele.

In haar reaksie op hierdie kwessie het die Premier probeer voorgee dat ek nie weet wat aandeelhouderskemas is en hoe hulle werk nie.

‘n AGB LID: Dis waar! Dis baie waar!

Me E PRINS: Sy het vir ons ‘n voorbeeld kom voorhou van Zebediela. Nou wil ek vir die agb Premier sê ons bly in die Wes-Kaap en ons moet die Wes-Kaapse situasies hanteer. [Tussenwerpsels.]

Hoekom het die Premier of die Minister sedert 26 Julie 2012 tot vandag toe nie geantwoord op my vraag wat ek in daardie stadium gestel het oor aandeelhouderskemas in die Wes-Kaap wat gelikwideer is nie? Is hulle beide bang vir die waarheid? Dit is dan nou aandeelhouderskemas wat deur gevestigde Suid-Afrikaanse boere bedryf en bestuur is.

Daar is tans 58 skemas met 5 167 begunstigdes, ... [Tussenwerpsels.] ... volgens ‘n antwoord op my vraag wat u verskaf het, en ek haal dit daaruit aan. Hier is dit. Ek het dit op skrif. [Tussenwerpsels.] Dan het u vir my mislei met die ander. [Tussenwerpsels.] U het gesê die staat het tot dusver R44 325 806 aan hierdie skemas uitbetaal. Dit sluit nie die fondse in wat deur middel van Casp gespandeer word nie.

In baie van die gevalle is die aandeelhouders nie plaaswerkers nie, maar name van mense wat sommer op die dorpe gekollekteer is. Daar is geen beheer oor die spandering van die geld nie en geen toesig of kontrole ten opsigte van die dividende wat uitbetaal word nie.

Die Minister het self, toe hy vir my die antwoord gegee het op die skemas, daardie dag verwys na 'n plaas, Bakenskraal, en gesê dat die mense vir hulp kom aanklop het by die Premier. Hy het ook daardie dag vir my gesê dat hy wonder of ek deel is van die name op die lys. Die Minister weet dus presies van die probleme. [Tussenwerpsels.]

Baie aandeelhouders verdwyn en wat word dan van die dividende? So moenie kom voorgee dat u nie bewus is van watter antwoorde u vir my gegee het nie. [Tussenwerpsels.] Ons verstaan dat u nou maar 'n bietjie vergeetagtig word. [Tussenwerpsels.]

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Orde! Gaan voort.

Me E PRINS: In die meeste gevalle het aandeelhouders geen aandeel in die bestuur van die projekte nie. Waar projekte gelikwideer is, word dit deur ander boere opgekoop en daar is geen beheer oor die lot van aandeelhouders nie. [Tussenwerpsels.]

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Orde! [Tussenwerpsels.]

Me E PRINS: Mnr die Adjunkspeaker, ek vra dat u my beskerm teen Minister Carlisle. Hy het geen respek ...

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Orde! Orde, agb lid! [Tussenwerpsels.]

Mnr H P GEYER: Orde!

The DEPUTY SPEAKER: Order! Is that a point of order?

Me E PRINS: Hy het geen respek nie.

Mnu M NCEDANA: Ndicela ukubuza Somlomo ukuba lulwimi olusetyenziswa epalamente na xa lithi elinye ilungu kwelinye “Loskop”? [Laughter.]

The DEPUTY SPEAKER: Order! I didn’t get the last part. Is it unparliamentary to say what?

Mnu NCEDANA: Ukuthi akanangqondo kutsho ilungu uCarlisle esitsho kweli lungu lithethayo elinguPrins.

The DEPUTY SPEAKER: Order! I will deal with that. Minister Carlisle, can you assist us; what did you say?

The MINISTER OF TRANSPORT AND PUBLIC WORKS: Yes. I referred to the hon member as ‘n “loskop”. I realise that was very painful for her. I withdraw the word “loskop” unconditionally. [Laughter.]

The DEPUTY SPEAKER: Thank you. Please continue, hon Prins.

Me E PRINS: Ek hoop dat die mense in die gallery, as hulle regtig ... [Tussenwerpsels.]

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Agb lid, gaan voort met u toespraak.

Me E PRINS: Ek hoop dat hulle kennis neem van Minister Carlisle se uitsprake wat hy hier gee. Hy het geen respek nie.

Mnr die Adjunkspeaker, grondhervormingsprojekte word nie meer direk deur die departement hanteer nie, maar word nou deur Casidra en ander organisasies bestuur. Die regering se doelwit is om 30% van alle landbougrond ... [Tussenwerpsels.] ...

The DEPUTY SPEAKER: Order! Mr Ozinsky, I'm trying to protect your own member. You are making too much noise.

Me E PRINS: ... aan voorheen benadeelde persone oor te dra. Aandeelhouderskemas dra nie by tot die werklike besit van grond nie, want die begunstigdes is nie die werklike eienaars van die grond nie en het ook nie besluitnemingsbevoegdheid nie.

Die departement se doelwit is om te sorg dat 60% van alle grondhervormingsprojekte in die provinsie suksesvol moet wees oor die volgende vyf jaar. Dit beteken dat die doelwit van 30% nie behaal sal word nie, aangesien die grond wat vandag aan nuwe boere oorgedra word môre weer in die hande van wit boere beland, wat hierdie plase spotgoedkoop opkoop.

Indien die Minister nie hiervan weet nie, kan ek hom voorsien van die name en die plase in De Doorns, waar boere van die Noord-Kaap gelikwideerde aandeelhouderskemas opgekoop het.

Die departement maak ook meer en meer gebruik van konsultante om die oorsig oor en opleiding van nuwe boere te hanteer. Dit blyk duidelik uit die begroting. Casidra en ander organisasies het instellings geword vir fiskale storting sodat die departement goed kan lyk ten opsigte van sy spandering van die begroting.

‘n Bedrag van R154 miljoen word aan buite instansie oorgedra en daar is eintlik nog meer as hierdie bedrag. Vroeër kon ons dokumente in die begroting gesien het. Daar was ‘n uiteensetting van hoe die gelde aan die verskillende instansies oorgedra word. Ek het dit nie nou in die dokumente waargeneem nie. Die toekenning van “Comprehensive Agricultural Support Programmes” (Casp)-fondse is onder verdenking. Sekere persone word gereeld bevoordeel met toekennings, terwyl ander aansoeke jaar na jaar net eenvoudig afgekeur word. Die Minister moet aan die mense van die Wes-Kaap verduidelik hoe hierdie doelwitte bereik gaan word.

Mnr die Adjunkspeaker, geen van die doelwitte van die departement kan ooit losgemaak word van die behoefte van voorheen benadeelde persone nie, of dit nou is om 10% groei binne die sektor oor die volgende 10 jaar daar te stel; of om die uitvoerposisie oor die volgende vyf jaar te behou deur waardetoevoeging; of om ‘n 10% toename in produksie oor die volgende 10 jaar te bewerkstellig; of om landelike ontwikkeling te bevorder.

Die departement slaag nie daarin om jong voorheen benadeelde persone by landbou betrokke te kry of om 'n klimaat te skep wat die deure van landbou vir anderskleurige studente oopmaak nie. Van die 483 studente wat ingeskryf het vir hoër onderwys en opleidingsprogramme aan die Kaapse Instituut vir Landbou Opleiding is 327, of dan 74,8%, nog steeds uit die blanke bevolkingsgroep afkomstig. Waarom is daar nog steeds so min voorheen benadeelde studente wat in landbou studeer?

Hierdie provinsie het 175 000 plaaswerkers en dit beteken dat nie eers 10% van plaaswerkers se kinders belang sou stel om verder in landbou te studeer nie – as al 156 anderskleurige studente plaaswerkers se kinders sou wees.

Beide die Premier en die Minister maak groot gewag van die strategiese plan vir plaaswerkers asof dit ook 'n DA-skepping is. Die plan is reeds in 2005 deur die ANC-regering goedgekeur en geïmplementeer.

Wat het geword van die plan om dwelms en alkohol onder plaaswerkers te bestry en hoeveel dra die departement by om die fetale alkoholsindroom (FAS), waarvan die hoogste syfer ter wêreld in die Wes-Kaap voorkom, te ondersteun? FAS is 'n uitvloeisel van die dopstelsel. Watter resultate het die departement se betrokkenheid ook oor die afgelope vier jaar opgelewer?

Die ontwikkeling van die landelike gebiede behoort sterk op plaaswerkersgemeenskappe te konsentreer en die Minister kan nie met sekerheid sê watter tipe voordele plaaswerkers uit die beoogde programme gaan trek nie.

Oor die behandeling van plaaswerkers is al veel gepraat en ons weet wat die swak behandeling van plaaswerkers tot gevolg gehad het. Nogtans in die Premier se toespraak en uitsprake deur die Minister oor die verlies aan werkgeleenthede is dit duidelik dat die DA die kern van die probleem wil wegredeneer met teorieë oor buitelandse werkers, ens.

Die Wes-Kaapse regering verkies om die verslae en bevindings van gerespekteerde instellings, soos die “Human Rights Watch”, te ignoreer of soek gedurig een of ander kwaadwillige ANC-persoonlikheid daaragter. Die Wes-Kaapse regering maak hierdie tipe verslae af as polities-geïnspireerd, eerder as om te gaan soek na oplossings vir die probleme. Dit is dan ook geen wonder dat Suid-Afrika op die Verenigde Nasies se lys van hoë risiko lande ten opsigte van maatskaplike aangeleenthede is nie.

Mnr die Adjunkspeaker, die departement het in sy program om uitvoermarkte vir Suid-Afrikaanse boere te ontwikkel 18 boere na die Internasionale Wynuitstalling in China geneem en volgens die verslag is dit bygewoon deur slegs 300 Chinese besoekers. [Tussenwerpsels.] [Gelag.] Ek is seker dit sou meer koste-effektief vir die departement gewees het om die wyn by die 18 uitstallers op te koop as wat dit was om dié geleentheid by te woon. Hoe kan die Minister beweer die departement is ernstig om nuwe markte te open as dit die resultate is?

Mnr die Adjunkspeaker, dit word by die dag duideliker dat hoe meer stelsels en paneelborde die Premier instel om groter sentrale beheer oor departemente te kry – en daardeur ‘n groter werkslading op amptenare te plaas – hoe meer moet departemente soos die Departement van Landbou sy dienslewerinsfunksies aan buite instansies en konsultante toevertrou.

Me J A VAN ZYL: Mnr die Adjunkspeaker, landbou, die broodmandjie van die Wes-Kaap, het gebuk gegaan onder grootskaalse ontwigting, soos plaaswerkerstakinge vir hoër lone, waarvan die volle nadraai op landbou en landbou-aktiwiteite nog onbekend is. Politieke partye het munt probeer slaan uit hierdie protesoptogte, maar in werklikheid het dit ook groot skade aan landbou aangerig.

Cope steun 'n leefbare salaris vir plaaswerkers, maar veroordeel ten sterkste die manier hoe protesoptogte bestuur en gekoördineer was. Die plundering en brandstigting het eendersheids verdere verliese van miljoene rand beloop, maar andersyds ook die werksverhoudings geskaad, wat meganisering 'n werklikheid kan maak en verdere afleggings kan meebring.

Nagenoeg 45% van die land se landbou uitvoere geskied deur die provinsie, maar die eise wat die bedryf landwyd in die gesig staar, kan 'n noemenswaardige afname in uitvoere meebring, wat op sigself 'n kettingreaksie van werksverlies kan veroorsaak.

Die Brics-beraad vind tans in Durban plaas, maar op 20 Maart 2013 verskyn 'n verslag in die media wat die waarskynlikheid van Suid-Afrika as lid van Brics as een van die bydraende faktore uitwys vir die sluiting van die McCains-fabriek in George later vanjaar. Een van die redes is die mededinging van goedkoop, ingevoerde, bevrore groente, veral uit China. Ook het invoere vanaf Wes-Europa oor die afgelope drie jaar toegeneem nadat Suid-Afrika in Desember 2010 lid van Brics geword het. Dit beteken nog werksverliese en nog werkloosheid en armoede, waarna 'n reeks sosiale maatskaplike probleme in daardie gebied sal volg.

Volgens mnr Louis Walters, Besturende Direkteur van McCain Foods (SA) ontvang Wes-Europese boere ook nog landbousubsidies. Dit maak dat die Suid-Afrikaanse landbou-industrie, in besonder in die Wes-Kaap, nog meer uitgelewer is.

Mnr die Adjunkspeaker, nog erger is die skokkende berigte dat Eskom vir langer as 10 jaar die inwoners van hierdie land bedrieg het met buitensporige jaarlikse tariefverhogings. Die skandaal is toe in die media oopgeplek dat BHP Billiton – die grootste mynhuis ter wêreld met hoofkantore wat soos glashuise lyk – soos dit nou blyk, gesubsideer word, ook deur die armstes van die armes in Suid-Afrika. BHP Billiton is die begunstigde van lae-tarief elektrisiteit, selfs laer as die produksie koste per eenheid van Eskom.

Mnr die Adjunkspeaker, die vraag is nou: wat gaan die nasionale Minister en die regering daaraan doen? Kan ek raai? Niks nie! Hulle gaan stilsit en kyk hoe daar van die armes gesteel word om die rykes, soos BHP Billiton, nog ryker te maak.

In Suid-Afrika, 'n water-arm land, moet boere gebruik maak van besproeiing op landerye en dit jaag die prys van elektrisiteit, die insetkoste en oes- en verpakkingskoste van landbouprodukte die hoogte in.

A significant increase in the budget in terms of export control, veterinary public health and veterinary laboratory services is long overdue in these specific fields. The outbreak of avian flu in the ostrich industry in April 2011 in the Klein Karoo, and which is still continuing, led to the killing of approximately 48 000 ostriches in the industry. This resulted in job losses in that area. The outbreak of African horse sickness put a halt to the exporting of horses. Ek is

bly die Minister het gesê net perde en nie perdevleis nie. The clean status could be regained during 2013 and result in a positive outcome.

The outbreak of Rift Valley fever during summer will now be dealt with by veterinary services assisting farmers in purchasing vaccines to vaccinate on time. We welcome the appointment of three new state veterinary posts in export control to assist exporters of animals and animal products.

Mnr die Adjunkspeaker, laat my toe om die departementshoof en elke amptenaar van die departement te bedank vir hul toegewydheid, harde werk en doelgerigtheid om van hierdie departement 'n sukses te maak en om te verseker dat daar vir die dag van môre nog brood op die tafel te kan wees.

Mr J J VISSER: Mr Deputy Speaker, I think we all agree that agriculture is probably the most strategic and important portfolio in any government. It is so because we all need food as a basic ingredient to live and survive, also because agriculture is so interwoven with nature and the processes of nature.

Agriculturalists are unique, because they cannot merely focus on the task they have to produce food. They also need to focus on nature, people and their needs, the economy at large and their own specific needs.

It really is a struggle to survive making one's living solely from the production side of farming. In other spheres of the economy, people usually do only one part of the whole

process of provision of goods or services. Some only manufacture, some only provide as a wholesaler to smaller outlets, some only sell directly to the public and others only deliver services to the industry, such as maintenance, outfitting, marketing, etc.

The government takes responsibility for the needs of human beings working in these industries. Government takes care of the need for transport, medical care, housing, preschool care, education and, most importantly, the social welfare of people. In the agricultural sector, however, things work differently and it does so because for decades people – the employers and the employees – lived together on farms.

A unique relationship began to form between people on farms and because of this people started to care for each other – so much so that the government started to wash its hands of people in agriculture. People in agriculture more and more became interdependent on each other. This bond between these people then just kept on growing and became stronger still – so strong that even a mighty political party like the ANC cannot break that bond.

We all know that the ANC does its best to drive a wedge between farmers and farm workers. They demonstrated that with firstly disbanding the Rural Foundation and then the Boskop Training Centre. The legacy of the work these two institutions did still exists and should be taken up again.

It is reassuring to notice that the hon Minister has budgeted an amount of about R6 million to start a process to look after farm workers specifically, and that is apart from the other work the department does to develop farm workers through training and small farmer development.

It is, however, about the only department that embarked on this course. I could not see in the budgets of other departments that there are specific amounts budgeted to care for the needs of farm workers. I really hope that with the example the Department of Agriculture sets, the other departments will follow suit.

It was exciting news to hear the hon Minister of Human Settlements say that his department should also take care of farm workers, in the sense that farm-worker housing should be looked at. Also, the hon Minister of Cultural Affairs and Sport wants to embark on sports development in the rural areas.

We were talking about the ANC trying to push a wedge between farmers and farm workers. Recently they again demonstrated that with the unrest in November 2012, where poor people without jobs were used and abused because, in many instances, they were forced to participate in this meaningless demonstration to demand wages that most knew were not affordable.

Of course, we all know that the farm workers do not earn a lot of money and we all want them to earn more money. We will, however, not achieve this by driving a wedge between them and the people who need to pay that money. If you cannot negotiate anything in good faith and trust, then you create a war where no one walks away with any benefit.

The hon Ozinsky has the audacity to remark in his speech at the NCOP that our Premier is biased by taking the side of farmers against farm workers. The hon Ozinsky said the following:

The attitude of the Democratic Alliance during the farm worker strike was not even-handed ... openly took side of farmers against workers ... showed no compassion ... –

and claimed—

... the majority of farmers paid above minimum wage, if so, why can they not afford the increase?

[Interjections.]

At no time, Mr Deputy Speaker, did the DA take sides. This was actually noted in the press. In her rebuttal on 28 February 2013, the Premier again expressed her empathy with all the parties affected during the recent wage strikes, landowners and farm workers alike. The Premier and the DA in the Western Cape are sincerely grateful to farm workers and farmers, who under these difficult circumstances persevered and ensured that crops were picked and packed and made available to the consumer.

Mr M OZINSKY: What about the rest of my speech?

Mr J J VISSER: Interesting to note, hon Ozinsky, is that during the wage strikes 204 people were arrested, of whom only 93 claimed to be farm workers, and that figure is also under dispute. That confirmed the Premier's research that there had, in fact, been political interference.

In March 2013, ... [Interjections.] ... and listen to this, a written reply by the national Department of Agriculture, Fisheries and Forestry, on Question 58 – these are facts, Mr Deputy Speaker, and I'm giving the exact, researchable references – issued by Parliament on 13 March 2013, read:

7 500 food parcels were distributed by the department which cost R10 million, of which R478 866 was paid as management fees, including logistics.

Mr M OZINSKY: Because he wanted the workers ... [Inaudible.]

Mr J J VISSER: The food parcels were distributed to all households in all areas affected by the strike in the Western Cape. Could we then presume, Mr Deputy Speaker, that the farmers and their families were included?

Mr M OZINSKY: No.

Mr J J VISSER: No. Exactly!

Mr M OZINSKY: They're not starving.

Mr J J VISSER: Or would this be, as opposed to what the hon Mr Ozinsky claimed, rather the attitude of the ANC during the farm worker strike: not even-handed, openly took the side of workers against farmers, no compassion?

Mr M OZINSKY: We praised farmers ... [Inaudible.]

The DEPUTY SPEAKER: Order!

Mr J J VISSER: Mr Deputy Speaker, the Minister of Labour, Ms Oliphant, did not think the strike important enough to end her visit overseas to tend to matters at home and Tina Joemat-Pettersson openly supported the strikers, of which more than half – about 46% – were not even farm workers, as did Marius Fransman. His words are not allowed to be repeated in this Parliament. Sies! Ga! [Interjections.]

If they were not farm workers, who exactly did the ANC support with taxpayers' money?

Mr M OZINSKY: The farm workers. [Interjections.]

Mr J J VISSER: In the aftermath of Marikana the unions realised that they had lost their grip on the workers. Tony Ehrenreich used the farm-worker wage strike as a platform to aid union membership. Nosey Petersen – one has to wonder how much he pays the farm workers on his watch – and Mario Wanza are making hay while the sun shines. [Interjections.]

The DEPUTY SPEAKER: Order!

Mr J J VISSER: The ANC has achieved exactly the opposite to what they wanted to achieve, Mr Deputy Speaker. The bond between farmers and farm workers has become stronger than ever and this is demonstrated by the formation of farm worker forums. One each has already been formed in Drakenstein, Breede River and De Doorns. [Interjections.] Drakenstein's forum already has more than 3 000 members. Those members joined the forum instead of joining the lame and useless labour unions. The newly formed political party, Wasp, also demonstrated their disgust with the ANC by not joining Cosatu.

The people of South Africa are turning their backs on the ANC in large numbers. We have also seen this happening in by-elections. If I were a member of the ANC, I would have been worried, but they are not. They still party while the wolf's at the door, and so the Titanic will sink while the orchestra is still playing and the ANC is eating and partying at Nkandla. [Laughter.] [Interjections.]

Mr M OZINSKY: Where were you? [Interjections.]

The DEPUTY SPEAKER: Order! Order! Mr Ozinsky, "order" means exactly that. You can't have a dialogue while a member's speaking.

Mr M OZINSKY: But he's talking to me.

The DEPUTY SPEAKER: No, but you are trying ... [Inaudible.] ... back.

Mr J J VISSER: Mr Deputy Speaker, I want to ask hon Prins if it would have any value if I invited her to participate in a programme for the development and upliftment of farm workers and the farming community at large. [Interjections.] It would probably be a futile question to ask the hon member, because she, as does the whole of the ANC, does not focus on progressiveness. Instead, they focus on destruction. [Interjections.]

They have the attitude that they do not like farmers and now hon Prins has declared that she does not like the hon Minister either, and because of that they would even destroy the chances and hopes of the farm workers in order to destroy the farmers.

In the rural areas agriculture is such an important role-player in the economy that towns like De Doorns, Worcester, Ceres and the like cannot exist without the input and buying power of agriculture. The creation of jobs is not only limited to farms, but also to micro and medium businesses in towns which do business with the agricultural sector and provide the opportunity for someone to have work and a career and be able to develop himself or herself.

The long and the short of it all, Mr Deputy Speaker, is that agriculture as a sector is important and in the Western Cape is a driver of the economy. The hon Minister and the department should support this entity as well as they can, as they have done up to now. We, as politicians, have the responsibility to see to it that it happens.

Basic services should be extended to farms and housing should be available to farm workers – and I mean real farm workers, Mr Deputy Speaker, those who at present live on farms in

houses that do not belong to them. Old people, the farm workers who have done their duty, should be made a priority as should transport for school children living on farms far away from schools.

Let us work better together as a government unit to address the needs of the farming communities.

Mr M OZINSKY: P W Botha came back. [Laughter.]

Die MINISTER VAN LANDBOU: Mnr die Adjunkspeaker, ek wil vir die agb Walters sê baie dankie. Baie dankie ook vir die bekwame wyse waarop hy die staande komitee lei. As ek dit nou vir die ANC sou sê, sou hulle beswaar gemaak het, maar ek kan dit vir hom sê – so uit die ou perd se bek kom daar baie, baie waarhede. Ek kan sien hy's 'n slim man wat sy storie ken. Dankie, agb Walters, vir die mooi woorde ook aan my departement.

U het gepraat van die Clanwilliam Dam. Ek hoop nie dit raak een van die grafstene van die ANC-regering nie. Op 18 Augustus 2010 sê die Minister van Waterwese – en sy verklaar dit in die *Staatskoerant* – dat die damwal met 13 m gelig gaan word. Verlede jaar, op 12 Desember 2012, teken haar departement en my departementshoof 'n memorandum van verstandhouding waar ons gaan saamwerk aan 'n studie waarin elkeen R5,2 miljoen gaan insit om te kyk hoe gaan ons hierdie water benut vir arm mense aan die onderkant van die dam.

Me E PRINS: Wie is die “ander” mense?

Die MINISTER: “Arm”. “Arm” mense; jy moet kophou.

Mnr J J VISSER: Jou kop is te rond. [Gelag.]

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Orde!

Die MINISTER: Mnr die Adjunkspeaker, hoe ons dit gaan benut ... [Tussenwerpsels.]

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Orde!

Die MINISTER: Mnr die Adjunkspeaker, dit is so jammer dat die ANC nie van so iets soos arm mense weet nie. [Tussenwerpsels.] Hulle wil nie hoor dat daar mense is wat arm is nie. Ons wil graag hierdie water vir arm mense beskikbaar maak. [Tussenwerpsels.]

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Orde! Agb Prins en agb Witbooi, gee die agb Minister ‘n billike kans om te antwoord. Gaan voort, Minister.

Die MINISTER: Mnr die Adjunkspeaker, dit lyk my ek het op ‘n seer toontjie getrap. Ons wil hierdie water graag vir arm mense beskikbaar maak. In November 2012 kom die Minister van Waterwese na vore en sê sy onttrek haar van hierdie projek. Die studie word nou gestaak, terwyl ons reeds ‘n memorandum van verstandhouding gehad het. Dit sal op hul grafsteen staan dat hulle nie vir arm mense onderkant die Clanwilliam Dam water wou gee nie. Mnr die

Adjunkspeaker, ons sal aanhou om die regte dinge te doen en ek wil vir agb Walters baie dankie sê daarvoor.

Dan wil ek by agb Johan Visser uitkom wat oor plaaswerkerontwikkeling gepraat het. Ons is inderdaad die enigste departement in Suid-Afrika wat geld spandeer op plaaswerkerontwikkeling. Hierdie jaar spandeer ons R17,2 miljoen daaraan. Mnr die Adjunkspeaker, soos hulle egter nie wil hoor van arm mense nie, wil hulle ook nie hoor dat daar goeie verhoudings tussen produsente en plaaswerkers is nie. Dit is nie deel van hul woordeskat nie. Hulle wil dit nie graag sien gebeur nie.

Aan agb Van Zyl, ek deel jou bekommernis oor die McCains-fabriek op George en die werkgeleenthede wat daarmee verlore sal gaan. Ook dit wat gebeur het by Eskom pla my al lankal, asook vir my kollega, Minister Bredell. Dit pla ons dat waar arm mense in 'n dorp gratis eenhede krag kan kry, kan arm mense in die landelike gebied dit nie kry nie.

‘n AGB LID: Niks.

Die MINISTER: Ek dink ons moet iets daaraan doen. Dit is nie net BHP Billiton wat kan voordele kry nie, ons arm mense van die provinsie moet dit ook kan kry.

‘n AGB LID: Ja.

Mnr H P GEYER: Hoor, hoor!

Me J WITBOOI: Amandla!

Die MINISTER: Ek wil kom by die agb Ellen Prins. Sy sê daar is 'n krisis in die landbou. Ek dink daar is 'n krisis in die landbou in Suid-Afrika, en ek hoop die nasionale Minister wil die krisis 'n slag raaksien. Ek dink egter daar is 'n krisis nasionaal in die ANC, en dit is Minister Tina Joemat-Pettersson. Daar is 'n krisis in die ANC in die Wes-Kaap, en dit is Ellen Prins. [Tussenwerpsels.] Dit is mense wat nie verstaan wat aangaan nie.

Ms N P MAGWAZA: This is the leader of agriculture.

Ms E PRINS: Yes.

Die MINISTER: Sy sê ek is aan die kant van die boere, kastig.

An HON MEMBER: You are.

Me E PRINS: Ja.

Die MINISTER: As ek by blanke boere kom, dan sê hulle ek werk net vir plaaswerkers. [Tussenwerpsels.] Kom ek sê vir jou, met hierdie krisis ...

Me E PRINS: [Onhoorbaar.]

'n AGB LID: [Onhoorbaar.] ... 'n rassie.

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Orde!

Die MINISTER: Mnr die Adjunkspeaker, daardie agb lid het gesê ek is 'n rassis. Ek kan dit nie aanvaar nie.

Die ADJUNKSPEAKER: Orde! Ek het gehoor.

Me E PRINS: [Onhoorbaar.]

Die ADJUNKSPEAKER: Agb Prins, u het verwys na Minister Botha, maar trek dit onvoorwaardelik terug. Dit is onparlementêr.

Me E PRINS: [Onhoorbaar.]

Mnr H P GEYER: Staan op as jy dit terugtrek.

Die ADJUNKSPEAKER: U trek dit terug?

Me E PRINS: [Onhoorbaar.]

Die ADJUNKSPEAKER: Dankie. [Tussenwerpsels.] Minister Botha, dit kan bly tot later. U kan voortgaan, Minister.

Die MINISTER: Dankie. Mnr die Adjunkspeaker, ek dink ek is die enigste persoon in die politiek wat in hierdie hele landbouprobleem wat ons gehad my nie aan die kant van die een groep of die ander groep geposisioneer het nie, maar aan die kant van landbou.

Mr M OZINSKY: Only you believe that.

Die MINISTER: Ek het by Minister Tina Joemat-Pettersson gesmeek en gesê: “Hou jou asseblief hieruit. Dis ‘n arbeidsaangeleentheid en dit het niks met jou te doen nie.” Sy wou nie luister nie en het op die verhoog gaan klim en die kant van ‘n sekere groep gekies.

Kom ons praat net oor aandeelhoudingskemas. Dit is, en bly, die suksesvolste projek wat Suid-Afrika nog gehad het. [Tussenwerpsels.] Weet u egter wat gebeur in Oudtshoorn? Die agb Prins en van haar vriendinne is ‘n klomp wat by een plaas betrokke is. Die helfte van hulle het van die plaas af geloop; hulle wil nie meer daar wees nie. Party sit in die Parlement. [Tussenwerpsels.] Nou wil hulle die plaas verkoop en voorgee die plaas is bankrot, want hulle wil die geld ook nog hê. Die ander helfte is nog steeds op die plaas en hulle gaan aan met ‘n suksesvolle skema. As dit nie so is nie, moet agb Prins dit vir ons sê.

Me E PRINS: Ek is nie deel van ‘n aandeelskema nie.

Die MINISTER: Sy sê Casp-fondse word verkeerd aangewend. Ons is weer eens die enigste provinsie wat nie alleen daarvoor besluit nie; ons doen dit saam met die entiteit. Saam met die rolspelers besluit ons waar Casp-fondse aangewend gaan word.

Die agb Prins kla ook oor voorheen benadeelde studente wat ons nie gebruik nie. Ons het 223 interns sedert 2009 by ons ingeneem. Ons het vir hulle R15 miljoen aan beurse gegee. Van die “Premier’s Advancement of Youth”-projek (Pay) het ons 42 interns ingeneem, waarvan 33 nou by ons studeer met beurse. Dan het ons 40 beurshouers in diens geneem sedert 2009.

Me E PRINS: [Onhoorbaar.]

Die MINISTER: Agb Prins, ek wonder of ek dit nie dalk moet oorweeg om vir jou ook ‘n beurs te gee sodat jy ‘n bietjie meer van landbou kan leer nie.

Mnr H P GEYER: Dit sal baie moeilik wees. [Tussenwerpsels.]

Die MINISTER: Kom ons gesels oor dwelms en alkohol. Van die R17 miljoen wat ons vir plaaswerkerontwikkeling gee, is die voorkoming van dwelm- en alkoholmisbruik een van ons belangrikste programme. Weer eens is ons die enigste departement in die land wat dit doen.

Met verwysing na uitvoere na die 300 Chinese – 300 Chinese kan amper in een van ons hysers inpas. Ons uitvoere na China het die afgelope drie jaar verdubbel. Vanaf 2009 het ons uitvoere na China van R7 miljoen na R22 miljoen gestyg.

